DE HEUS NOORDWES & VRYSTAAT
JONG VLEISBEES "ON-FARM CHALLENGE"

De Heus het hul eerste "On-farm Challenge" vir vleisbeeste in Noordwes en die Vrystaat gedurende Mei gehou. Die roetebeoordelings het plaasgevind op 10 en 11 Mei 2016 waartydens die inskrywings op hul plase regoor die twee provinsies beoordeel is. Boere moes tien dragtige verse vir die kompetisie ingeskryf het, wat op die plase, deur 'n interrasbeoordelaar beoordeel is.

Stoettelers sowel as kommersiële telers het deelgeneem. Die beoordelaar was Heinrich Bruwer. Heinrich boer in die Vryburg-omgewing en is 'n welbekende senior interrasbeoordelaar. Diere is beoordeel op funksionele doeltreffendheid, tipe, kondisie, temperament en eenvormigheid. Funksionele doeltreffendheid asook eenvormigheid is baie belangrik, omdat daardeur gesien kan word wat die teler se toekomsdoelwitte is. Diere word in hul "werksklere" beoordeel, dus word daar geen spesiale aandag aan hulle gegee om hulle voor te berei vir die kompetisie nie.

Boere het deelgeneem vanaf Nietverdiend, teen die Botswana grens, tot in Bothaville. 'n Groot verskeidenheid beesrasse is ingeskryf naamlik, Brahmaan, Limousin, Angus, Bonsmara, Brangus en Santa Gertrudis. Selfs in die uiterste droë jaar was die verse wat ingeskryf is van top-gehalte. Die deelnemers kan baie trots wees op hulle nuwe generasie diere wat hulle kuddes tot nuwe hoogtes kan neem.

Die prysuitdelingsfunksie is in samewerking met ons borge, Allied Nutrition, Chemunique en Potch Veevoere, op Vrydag, 13 Mei 2016 by Thaba Tswene net buite Hartbeesfontein gehou. Die beoordelaar het al die kuddes wat deur die week besoek is bespreek en ook die wenners aangekondig.
Die doel van hierdie kompetisie is om nie net enkele diere nie, maar die vooruitgang en vordering van die hele kudde te beoordeel. Die beste verteenwoordiging van die vooruitgang van die hele kudde is die nuwe generasie verse.

As gevolg van erge droogtes in die twee provinsies die afgelope paar jaar was hierdie jaar se kompetisie klein en intiem, maar ons hoop om volgende jaar baie meer inskrywings te ontvang.

1ste prys: Die wenner was Derick Le Roux, met sy Xourel Limousins Stoet, van die Coligny-distrik in Noordwes

2de prys wenner was Johannes Botha van Bothaville in die Vrystaat met sy Bodeel Angusstoet

3de prys wenners was Kallie & Helene vd Merwe van Ottosdal in Noordwes, met hul Hebzibah Santa Gertrudisstoet

CHEMUNIQUÉ
KNOWLEDGE INSPIRED

ALLIED NUTRITION
Nutraceuticals, by choice

Potch Voere

Vir meer inligting in verband met ander De Heus On-farm Challenge kompetisies besoek ons webwerf www.deheus.co.za